M-CHAT-R

Afrikaans Translation

Beantwoord asseblief die volgende vrae oor u kind. Hou in gedagte hoe u kind gewoonlik optree. As u u kind ‘n paar keer die gedrag gesien vertoon het, maar hy doen dit nie gewoonlik nie, dan antwoord u asseblief **nee**. Omsirkel asseblief **ja** of **nee** vir elke vraag. Baie dankie.

1	As u na iets oorkant die kamer wys, sal u kind daarna kyk? (**Byvoorbeeld**, as u wys na ‘n speeding of ‘n dier, sal hy/sy daarna kyk?	**JA / NEE**
2	Het u al gewonder of u kind dalk doof kan wees?	**JA / NEE**
3	Speel u kind somstyds asof hy voorgee om iets of iemand te wees of is verbeeldingryk in sekere speletjies? (**Byvoorbeeld**, hy verbeel hom hy drink uit ‘n koppie maar die koppie is leeg, hy maak asof hy op die telefoon praat, of hy verbeel hom hy/sy voer sy/haar pop of teddiebeer).	**JA / NEE**
4	Hou u kind daarvan om op goed te klim? (**Byvoorbeeld**, meubels, speelpark toerusting, of trappe).	**JA / NEE**
5	Maak u kind ongewone vinger bewegings naby sy/ haar oe? (**Byvoorbeeld**, hy/sy wiggel sy/haar vingers voor sy/haar oe)	**JA / NEE**
6	Wys u kind met een vinger om vir iets te vra of om hulp te kry? (**Byvoorbeeld**, sou hy wys na 'n peuselhappie of speelding wat buite sy bereik is?**)**	**JA / NEE**
7	Wys u kind met een vinger om vir u iets interessants te wys? (**Byvoorbeeld**, wys na 'n vliegtuig in die lug of 'n groot vragmotor in die pad).	**JA / NEE**
8	Stel u kind belang in ander kinders? (**Byvoorbeeld**, kyk u kind na ander kinders, glimlag hy met hulle, of gaan hy na hulle toe?)	**JA / NEE**
9	Wys u kind vir u dinge deur dit na u toe te bring of te hou sodat u dit kan sien - nie om hulp te kry nie, maar net om dit te deel? (**Byvoorbeeld**., wys vir jou 'n blom, 'n opgestopte dier of 'n speelgoedvragmotor).	**JA / NEE**
10	Reageer u kind as u sy/haar naam noem? (**Byvoorbeeld**., kyk hy/sy op, of praat of babble hy/sy, of hou hy/sy op waarmee hy/sy besig is, wanneer u sy/haar naam roep?)	**JA / NEE**
11	As u vir u kind glimlag, glimlag hy of sy dan vir u terug?	**JA / NEE**
12	Word u kind ontsteld deur alledaagse geluide? (Byvoorbeeld, skree of huil u kind as hy/sy geluide soos n stofsuier of harde musiek hoor?)	**JA / NEE**
13	Kan u kind loop?	**JA / NEE**
14	14) Kyk u kind u in die oë as u met hom/haar praat, met hom/haar speel, of hom/haar aantrek?	**JA / NEE**
15	Probeer u kind kopieër wat u doen? (Byvoorbeeld., waai totsiens, klap hande, of maak ‘n snaakse geluid as u dit doen).	**JA / NEE**
16	As u u kop draai om na iets te kyk, kyk u kind dan rond om te sien waarna u kyk?	**JA / NEE**

17	Probeer u kind u aandag trek om na hom/haar te kyk? (Byvoorbeeld, kyk u kind na u vir erkenning, of se hy/sy "kyk" of "hou my dop"?)	**JA / NEE**
18	Verstaan u kind as u hom /haar sê om iets te doen? (Byvoorbeeld., sonder om te beduie, kan u kind verstaan as u sê "sit die boek op die stoel neer" of "bring die kombers vir my?")	**JA / NEE**
19	As iets nuuts gebeur, kyk u kind na u gesig om te sien hoe u daaroor voel? (Byvoorbeeld., as hy/sy 'n vreemde of snaakse geluid hoor, of 'n nuwe speelding sien ,sal hy/sy na u gesigsuitdrukking kyk?)	**JA / NEE**
20	Hou u kind van bewegingsaktiwiteite? (Byvoorbeeld., om geswaai te word of om op u knie te bons.)	**JA / NEE**